# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/18)

(Volg my op twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 1 Junie 2018

***"The beginning of knowledge is the discovery of something we do not understand" Frank Herbert***

## KIES MY! - DOEN JOU EIE AANSTELLINGS

Sitrus Akademie het die inisiatief geneem om 'n aanlyn-inligtingsplatform vir werksoekers en maatskappye wat werknemers soek, te skep. Kies my! lys kandidate as Sitrus Akademie beursfonds gegradueerdes of werksoekers met sitrusverwante kwalifikasies, en vra dat belangstellende werkgewers direk met werksoekers skakel wat op die webwerf gelys word. CV's en addisionele inligting is beskikbaar en kan by www.citrusacademy.org.za onder Pick me! gevind word.

## VARIËTEITSFOKUSGROEPE

Alle CGA-streke word uitgenooi om verteenwoordigers op die verskillende Variëteit Fokusgroepe (VFG's) te plaas. Hierdie VFG's vorm 'n sterk kommunikasiekanaal tussen CGA en die streke. Die VFG's help met die opstel van 'n oesskatting aan die begin van die seisoen, dateer die skatting met voorspelde volumes op soos wat die seisoen vorder, bespreek produksie- en bemarkingsvraagstukke wat relevant is tot die variëteit en spreek enige belangrike probleme wat die variëteit in die gesig staar, aan. Produsente word aangemoedig om met hul verteenwoordigers te kommunikeer sou daar items van belang of kommer wees. Kontak John Edmonds (johne@cga.co.za) vir kontakbesonderhede of notules van vergaderings wat gehou is. In die algemeen vergader die VFG's een keer per maand, maar dit kan meer gereeld wees as dit nodig sou wees.

| Streek | Pomelo's | Suurlemoene | Nawels | Sagte Sitrus | Valencias |
|---|---|---|---|---|---|
| **Letsitele** | Jan-Louis Pretorius | Nikolaas Gubitz | Ben Voster | Andrew Cooper | Jan-Louis Pretorius |
| **S.R. Vallei** | Hannes de Waal | Hannes de Waal | Kevin Terblanche | Erik Stroebel | Deon Joubert |
| **Pongola** | Andre Barnard | Antoine Rouillard | | | |
| **Onderberg** | Marinus Neethling | | | | Cornel vd Merwe |
| **Limpoporivier** | Francois Dilman | Francois Dilman | | Kelvin Smit | Kelvin Smit |
| **Oranjerivier** | Liza van Zyl | Jacques Clift | | Marius Bester | Andre Spangenberg |
| **Hoedspruit** | Kobus van Staden | Gert Bezuidenhout | | Johan du Preez | Fanie Meyer |
| **Swaziland** | Stuart Geldenhuys | | | | George Brown |
| **Zimbabwe** | Paul Bristow | | | | Paul Bristow |
| **Nkwalini** | Michael Wafer | Clinton Gray | | | Michael Wafer |
| **E.C. Midlands** | | Das de Villiers | Barry Mildenhall | Jock Danckwerts | |
| **Nelspruit** | | Andrew Muller | Graham Piner | Piet Pretorius | Andrew Muller |
| **Senwes** | | Peter Pullinger | Hendrik Schoeman | Ista Upton | Marisa van den Heever |
| **S-KZN** | | Peter Button | Peter Button | | |
| **Patensie** | | Phillip Dempsey | Phillip Dempsey | Martina Odendaal | Tertius Meyer |
| **Boland** | | Richard Allen | Jaco Burger | Stefan Bruwer | |
| **W-Kaap** | | Boet Mouton | Gabrie Van Eeden | Hendrik Warnich | Stiaan Engelbrecht |
| **GDC** | | Petros Shiba | Eric Nohamba | Lawrence Mgadle | Samson Qomondi |
| **Vaalharts** | | | Danie Matthewson | | |

## GEPAK EN VERSKEEP

Variëteit Fokusgroepe het vergader en die voorspelling vir 2018 aangepas. Die haelskade wat in Mpumalanga ondervind is moet nog volledig geassesseer word - 'n afname vir daardie streek is egter ingesluit. Die voorspelde volume volg nou die totale geskatte volume.

| Tot Week 21 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 5.8 m | 8 m | 7.1 m | 5.1 m | 4.4 m | 16.8 m | **16.4 m** | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 5.3 m | 4.4 m | 4.4 m | 3.2 m | 3.7 m | 14.7 m | 16.2 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 7.1 m | 8.2 m | 8.6 m | 6.3 m | 7.2 m | 20.6 m | 20.3 m | 19 m |
| Nawels | 6.3 m | 4.3 m | 3.4 m | 2.1 m | 2 m | 25.7 m | **25.3 m** | 21.1 m |
| Valencias | 0.2 m | 0.4 m | 0.1 m | - | - | 53.9 m | **53.2 m** | 53.8 m |
| **Totaal** | **24.7 m** | **25.3 m** | **23.6 m** | **16.7 m** | **17.3 m** | **131.7 m** | **131.4 m** | **123 m** |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**

Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA

CRW